BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c Vrydag 1 Junie 1984 WINDHOEK Friday 1 Junie 1984 No. 4906

NASIONALE ... OFFISIEEL ... NATIONAL EDUCATION

INHOUD:

Bladsy

PROKLAMASIE

No. AG. 13 Voorsiening vir die vul van 'n toevallige vakature in die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge by wyse van verklaring deur hoofverkiesingsbeampte 1

GOEWERMENTSKENNISGEWING

No. AG. 79 Verklaring van Persoon tot behoorlik verkose lid van die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge 3

CONTENTS:

Page

PROCLAMATION

No. AG. 13 Provision for the filling of a casual vacancy in the Legislative Assembly of the Coloureds by way of declaration by chief electoral officer 1

GOVERNMENT NOTICE

No. AG. 79 Declaration of Person to be a duly elected member of the Legislative Assembly of the Coloureds 3

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 28 Mei 1984)

No. AG. 13 1984

VOORSIENING VIR DIE VUL VAN 'N TOEVALLIGE VAKATURE IN DIE WETGEWENDE VERGADERING VAN DIE KLEURLINGE BY WYSE VAN VERKLARING DEUR HOOFVERKIESINGSBEAMPTE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

W.A. VAN NIEKERK
Administrateur-generaal Windhoek, 28 Mei 1984

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 28 May 1984)

No. AG. 13 1984

PROVISION FOR THE FILLING OF A CASUAL VACANCY IN THE LEGISLATIVE ASSEMBLY OF THE COLOUREDS BY WAY OF DECLARATION BY CHIEF ELECTORAL OFFICER

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

W.A. VAN NIEKERK
Administrator-General Windhoek, 28 May 1984

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -

(i) "bevoegde persoon" 'n persoon wat ingevolge die bepalings van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Kleurlinge, 1980 (Proklamasie AG. 14 van 1980), en die bepalings van artikel 8 van die Proklamasie op Verteenwoordigende Owerhede, 1980 (Proklamasie AG. 8 van 1980), gelees met eersgenoemde bepalings, bevoeg is om tot lid van die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge verkies te word; (ii)

(ii) "hoofverkiesingsbeampte" die hoofverkiesingsbeampte kragtens artikel 3 van die Proklamasie op Kierserslyste vir Wetgewende Owerhede, 1980 (Proklamasie AG. 22 van 1980), aangestel. (i)

Vul van toevallige vakature in Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge

2. (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings word die toevallige vakature wat met ingang van 1 Desember 1983 in die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge ontstaan het as gevolg van die bedanking van Andrew John Fred Kloppers (Senior) as lid van genoemde Wetgewende Vergadering, gevul deur die verklaring deur die hoofverkiesingsbeampte, tot behoorlik verkose lid van genoemde Wetgewende Vergadering met ingang van die datum van die verklaring, van 'n bevoegde persoon wat -

(a) vir dié doel skriftelik genomineer is deur die Liberale Party van Suidwes-Afrika; en

(b) sy nominasie skriftelik aanvaar het.

(2) Die hoofverkiesingsbeampte maak besonderhede van die in subartikel (1) bedoelde verklaring onverwyld by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bekend.

Kort titel

3. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Vul van 'n Toevallige Vakature in die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge, 1984.

SCHEDULE

Definitions

1. In this Proclamation, unless the context otherwise indicates -

(i) "chief electoral officer" means the chief electoral officer appointed under section 3 of the Voters' Lists for Legislative Authorities Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 22 of 1980); (ii)

(ii) "qualified person" means any person who, in terms of the provisions of the Representative Authority of the Coloureds Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 14 of 1980), and the provisions of section 8 of the Representative Authorities Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 8 of 1980), read with the first-mentioned provisions, is qualified for election as a member of the Legislative Assembly of the Coloureds; (i)

Filling of casual vacancy in Legislative Assembly of the Coloureds

2. (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, the casual vacancy which, with effect from 1 December 1983, occurred in the Legislative Assembly of the Coloureds as a result of the resignation as a member of the said Legislative Assembly of Andrew John Fred Kloppers (Senior), shall be filled by the chief electoral officer declaring to be a duly elected member of the said Legislative Assembly with effect from the date of the declaration, any qualified person who -

(a) has been nominated in writing for that purpose by the Liberal Party of South West Africa; and

(b) has accepted his nomination in writing.

(2) The chief electoral officer shall forthwith by notice in the *Official Gazette* make known particulars of the declaration referred to in subsection (1).

Short title

3. This Proclamation shall be called the Filling of a Casual Vacancy in the Legislative Assembly of the Coloureds Proclamation, 1984.

Goewermentskennisgewing

kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN BURGERSAKE EN MANNEKRAG

No. AG 79 1984

VERKLARING VAN PERSOON TOT BEHOORLIK VERKOSE LID VAN DIE WETGEWENDE VERGADERING VAN DIE KLEURLINGE

Ingevolge artikel 2(2) van die Proklamasie op die Vul van 'n Toevallige Vakature in die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge, 1984 (Proklamasie AG. 13 van 1984), maak ek hierby bekend dat ek Andrew John Fred Kloppers (Senior) op 1 Junie 1984 kragtens artikel 2(1) van genoemde Proklamasie tot behoorlik verkose lid van die Wetgewende Vergadering van die Kleurlinge verklaar het met ingang van genoemde datum.

J.S. VAN NIEKERK
Hoofverkiesingsbeampte Windhoek, 1 Junie 1984

Government Notice

office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF CIVIC AFFAIRS AND MANPOWER

No. AG. 79 1984

DECLARATION OF PERSON TO BE A DULY ELECTED MEMBER OF THE LEGISLATIVE ASSEMBLY OF THE COLOUREDS

In terms of section 2(2) of the Filling of a Casual Vacancy in the Legislative Assembly of the Coloureds Proclamation, 1984 (Proclamation AG. 13 of 1984), I hereby make known that I have under section 2(1) of the said Proclamation, on 1 June 1984 declared Andrew John Kloppers (Senior) to be a duly elected member of the Legislative Assembly of the Coloureds with effect from the said date.

J.S. VAN NIEKERK
Chief Electoral Officer Windhoek, 1 June 1984

Gedruk deur en verkrygbaar by
SWAPERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika

Printed and obtainable from
SWAPERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa